MYBURGH

The family have spelled their name in different ways over the years – Mijburgh, Myburgh, Meyburg and Myburg. The Myburgh spelling has become the most common.

The Morkel family had several connections with the Myburghs. The first owner of the iconic farm *Meerlust* (3rd generation Myburgh) married a daughter of stamouer Philip Morkel. Two 5th generation Myburgh brothers had Morkel wives. My grandmother was a Myburgh. Three Myburgh sisters married two Morkel brothers and a second cousin to produce between them 6 rugby international players.

Stamouer Lambert Lambertz MYBURGH (his father would also have been Lambert) came from Broek, a small in northern Holland town.(4). His wife Aaltje ALBERTS came from Purmerend, which like Broek was located near Amsterdam. Their second son, Albert Lambertz married Elsje van der Merwe. Elsje's father Willem Schalkz van der Merwe, a soldier *(haakbusskutter)* employed by the VOC, also came from Broek. Elsje's sister Sophia married Rudolph PASMAN and their daughter Sophia married Philip MORKEL.

3rd Generation Johannes Albertus MYBURGH (1719 – 1743) married Sophia Margaretha MORKEL, daughter of Philip MORKEL and Sophia PASMAN. They farmed originally at *Klein Idasvallei* near Stellenbosch, a farm belonging to Elsje' cousin Jacobus CLOETE. They were successful and in 1757 Johannes Albertus acquired the farm *Meerlust*, at a time of severe economic depression (2, p44).

Meerlust. **Cloud covered Hottentots Holland Mountains in the background**

Source: (2, p117)

Meerlust was located at a junction where the road from Cape Town split into one leading to Hottentots Holland and beyond, and the road along the Eerste River valley to Stellenbosch. About 2 to 3 hours by horse carriage from Cape Town, it was a favourite stopover for travellers for lunch or overnight stay. Read more about *Meerlust* and Phillipus Albertus Myburgh (1747 – 1813) in our story "And then the British Came".

P.A. Myburgh had hunted deep into the then wild Africa before settling down on the family farm with his wife Hester Anna VAN DER BIJL. He was prominent in the Stellenbosch community and captain of a company dragoons in which his cousins, the Morkel brothers also served. When the British occupied the Cape for the first time, he was reluctant to sign a second oath of allegiance and Earl Macartney ordered that 22 dragoons be stationed at *Meerlust* to show that the occupation was serious. (Ten Dragoons each were also stationed with two MORKEL brothers). Our story tells how he welcomed the British soldiers and treated them as honoured guests, making a farce of the occupation. He was also a loyal supporter of the Dutch General Jannsens during the second British occupation and hosted the defeated general at *Meerlust* during the retreat.

Meerlust with its beautiful Cape Dutch gables has remained in the Myburgh family and has been beautifully restored and, while still a working farm, has become a lovely museum and tourist attraction.

Meerlust. **Nicely restored** Source: (2, p123)

P.A. MYBURGH's 13th child, Pieter Gerhard Myburgh (1793 – 1861) married Hester Anna MORKEL and acquired the farm *Parel Vallei* on the outskirts of Somerset West. The old house at *Parel Vallei* was reconstructed in the 1900s after it had been destroyed by fire.

Their grand daughter, 7th generation Helena Catharina Philippina MYBURGH was my grand mother, marrying 6th generation Hendrik Johannes Louw MORKEL (1854 – 1920) (Hennie Bos). She died when I was 8 years old and I remember her as a frail old lady whom we had to greet briefly before going out to play during our Sunday visits to Die Bos. Her memory at this stage was vague and she did not recognise her grandchildren. My mother remembered her as a stylish lady who, with her husband Hennie Bos was prominent in the community. With her nine children, and the old farm visited regularly by family, it was a busy household.

Three grand daughters of Pieter Gerhard MYBURGH (cousins of my grandmother) married MORKELS, two brothers and a second cousin. Among their children were 6 international rugby

players. See our story about the "Rugby Morkels" and the family line for the somewhat complicated connections.

Sara Catharina Barbara MYBURGH (1859 – 1925) married Hendrik Johannes MORKEL (1865 – 1895) and had two rugby Springbok sons, Hendrik Johannes Louw MORKEL **(Harry)** (1888 – 1957) and Johannes Albertus MORKEL **(Royal)** 1894 – 1926.

Hester Anna MYBURGH (1851 – 1902) married Johannes Albertus MORKEL (1844 – 1894) and their sons, Phillipus Albertus MORKEL **(Albert)** (1883 – 1968), Johannes Albertus MORKEL **(Jack)** (1886 - ?) and Pieter Gerhard MORKEL **(Gerrit)** (1888 – 1964) were rugby internationals.

Martha Maria MYBURGH (1854 – 1877) married William Herman MORKEL (1849 - ?) and their son William Herman MORKEL **(Boy)** (1885 – 1955) was captain of several Springbok rugby teams.

Sources:

1. P.W. Morkel, 1961. *The Morkels: Family Tree and History.* Published privately.
2. Phillida Brooke Simons, *2003. Meerlust. 300 Years of Hospitality.* Fernwood Press.
3. GISA (Genealogiese Instituut van Suid-Afrika), 1999. *Suid-Afrikaanse Geslagsregisters.* Vol 5. L-M.
4. Emails from Freek Myburgh, Chair of the Myburgh Familiebond and Michiel Myburgh, Myburgh family genealogist – see Appendix..

JAN WILLEM JANSSENS,

Gouverneur en Generaal en Chef

Voor de Colonie de KAAP DE GOEDE HOOP en den Resorte van dien,

Document appointing Johannes Albertus Myburgh as 2nd in command of the Stellenbosch Burgher Commando. Signed by General Jannsens. Source: (2, p64)



MYBURGH – MORKEL FAMILY LINES

Compiled from GISA AND P.W. Morkel

Appendix

E-pos van Freek Myburgh, Voorsitter, Myburgh Familebond..

Lambert Lambertz *c. 1638, was van Leydendorp, Holland, die eerste Meijburg wat aan die Kaap geland het ongeveer 1665 - 1666, met sy vrou **Aletta ALBERTZ** * c. 1640 van die geskiedkundige stad Purmerend aan die Purmermeer naby Amsterdam, en hulle oudste seun Jan Lambertz Meijburg *c. 1658. Die hawe van waar hulle hulle Vaderland verlaat het was Buicksloot.

Lambert Lambertz Meijburg koop sy huis en tuin in Tafelvalley van Jacob Rosendaal in 1671 (Aantekening in die Akteskantoor in die Kaap oor die transaksie is T128 , 26 Junie 1671).

Een van die Myburgh Raadslede besit die Baadjie van Lambert Lambertz wat hy gedra het tydens sy amp as kaptein in diens van die owerheid (Kompanje) asook ook die seëlring, beursies en gordel en skoengespes.

Lambert Lambertz is oorlede vroeg 1673 en sy vrou het dadelik weer in die huwelik getree met Gerrit Janz, haar ongetroude buurman, op die 29 Okt 1673. Volgens navorsing het hulle nie kinders van hulle eie gehad nie.

Jan Lambertz Meijburg *1658 oorlede 19 Aug 1751 x met Anna Maria de Laar van Amsterdam. (Maria sterf c. 1697) Tussen sy eerste vrou se afsterwe in 1697 en tot en met sy tweede huwelik met Sophia Zank in 1699, was hy op sy eie en alleen, en het hy 'n verhouding aangegaan met Lysbeth van Wyk, van onbekende afkoms, en 'n dogter is uit die verhouding gebore. Die kind was gedoop 2 Maart 1699 en sy was genoem Aeltje.

xx 15 Maart 1699 met Sophia Zank en sy is oorlede 22 Jul 1747. Die Sondagmiddag van 15 Maart 1699 tydens die huwelik in die Grootte Kerk het die Dominie (Ds Petrus Kalden) nie opgedaag nie, en moes die diens deur die sieketrooster, Albert Koopman, waargeneem word. Hy was nie gemagtig om huwelike te voltrek nie en die wewenaar en die bruid moes maar die aand apart deurbring. Maandag kon Jan dit nie meer verduur nie, en het hy Goeweneur Van der Stel gaan spreek. Hy het intussen verneem dat Ds. Kalden en Van der Stel die vorige middag saam in die Kompanjestuin " gediventeer " het. Van der Stel het toe spesiale toestemming gegee dat die trouery kon plaasvind die aand van Dinsdag 17 Maart 1699. En so het dit toe gebeur, maar wat die Maandagaand gebeur het, weet niemand tot vandag toe nie. Ons kon nog sovêr Jan Lambertz se nageslag net opspoor tot by die laaste manlike Johannes Albertus ged. 26 Mei 1754 en hy is deur sy vader Albert Janz onterf in sy testament (No 50 - 20 Des 1778) Van Johannes Albertus na sy vader se dood is nog niks verder gevind nie.

Navorsing deur:
Freek Myburgh **fjmyburg@intekom.co.za**

E-pos tussen Michiel Myburgh and Myself.

From: "Mike Myburgh" <pmyburgh@eastcoast.co.za>
To: "Andre Morkel" <amorkel@ecel.uwa.edu.au>
Cc: <pmyburgh@eastcoast.co.za>

Subject: Die Myburghs van SA
Date: Mon, 14 Jan 2002 22:43:09 +0200
X-Mailer: Microsoft Outlook Express 5.50.4133.2400

Hallo Andre,
Ek het vir jou die geskiedenis oorgedra soos ek dit gekry het en hoop jy vind iets interessant daarin. Lees maar lekker en as dit vervelig raak - delete .

Die Myburghs van S.A.

Volgens de Villiers - Pama se " Geslagsregister van die ou Kaapse families was Jan Lambrechts Myburgh die stamvader van die Myburghs van SA . Dieselfde bron gee ook dat Albert sy 4de kind was. Dr. Hoge se Geslagregister van ou Kaapse families maak hierin geen verandering nie, en alle ander genealoë maak dieselfde veronderstelling. Nogtans is hulle almal verkeerd.
Familie geskiedenis kan soms deur oorlewering opgehelder word. hoelank ook al die tyd wat oorbrug word, die oorvertelling behou altyd iets van die waarheid. 'n Voorbeeld.
P.A.Myburgh (1796-1883) van Meerlust, naby Stellenbosch, was 10 jaar oud ten tye van die slag Blaawberg: Net die ouderdom wanneer gebeurtenisse en die gesprek vanvan ouer mense 'n geweldige indruk maak op 'n jong seun. Sy Grootvader, ook P.A.Myburgh (1747-1883) van Meerlust , en sy vader en ooms het veel te doen gehad met die militêre bedrywighede van daardie tyd. Wat hy dus as seun van hulle gehoor het , kon hy oorvertel aan sy kleinneef, Philip Albert (1843-1927) van Eenzaamheid en Joostenburg, my grootvader , en hy weer aan my. Van die lafhartigheid van die Waldeckerhuursoldate wat " weggehardloop het met hul koffieketels op hul rug en hul broeke vol kak; van die verskriklike hitte van die somer daardie jaar en ten tye van die slag, en hoe Jansens, die Duitse kolonel van die agterstoep van Meerlust geskop het toe hy om verskoning kom vra het. Tot vandag toe is die uitdrukking " Jou Waldecker " vir lafaard , nog in ons familie se gebruik. Maar dat daar op Meerlust se stoep te veel gesit en gesels was, en vandaar die gesegde " van so sit-sit is die Kaap verlore" het oupa ons nooit van vertel nie.
Omtrent die begin dae van die Myburghs het my Grootvader gesê " daar was twee broers, en ons is die jonger een; die ander een het getrou toe hy al oud was". Dit was 50 jaar gelede. Later het ek dit nie meer gehoor nie; die gedrukte woord van Christoffel de Villiers was toe reeds aanvaar.
Met die storie van die broers in gedagte het ek die besonderhede omtrent Jan Lambertz ondersoek. En hulle is broers.
(1) As Albert die seun van Jan gewees't, dan sou hy volgens die gewoonte van daardie tyd Albert Janz geheet het, maar hy is Albert Lambertz.
(2) Volgens sy testament is Albert 80 jaar oud in 1749, en aan die Kaap gebore. Hy is dus in 1669 gebore. Jan is eers in 1687 as jonkman getroud.
(3) In die inventaris van Jan se eerste vrou, Maria de Laar , oorlede 1687, word net twee kinders genoem, dogters, 8 en 4 jaar oud. Albert word net as skuldeiser gemeld.
(4) Beide Jan en Albert noem hul oudste seuns Lambert, volgens gebruik van die naam van die kind se Grootvader. Beide noem 'n dogtertjie Aaltje (Na Grootmoeder)
(5) Jan en sy tweede vrou Sophia Zank doop 'n seun in 1710 met die naam Albert. Dit is onwaarskynlik dat hul die naam sou gegee het as daar reeds 'n seun Albert was. Maar as Jan Lambertz nie die stamvader was nie; wie was dan die stamvader en dus die vader van die twee broers ? 'n noukeurige ondersoek in die oudste doopregisters in die NG Kerkargief het my op die spoor gebring; (Doopregister Kaap N.G.Kerkargief) " een soontjie van Lammert Lammertz's aan die Kaap tussen 1652 en 1700.
(Res.Pol.Raad 14 Junie 1678)

(1) Lambert Lambertz die kwartiermeester, wat versoek het om na Mauritius te gaan.
(2) Lambert Lammert se Oldenseel wat voorkom in die Monsterrolle van 1694.
(3) Die 3de Lambert Lambertz is die Myburgh-stamvader, en die onderstaande feite, in kronologiese volgorde, sal dit bewys. (Aktes kantoor T128 26 Junie 1671) Jacob Rosendal verkoop aan Lambertz van Broekemeer 'n sekere huis van Francois Champelaar.
(Akteskantoor) - Lambert Lambertz beloof om aan Jacob Rosendaal die som 750 gulde te betaal in die aanstaande jaar, 17 Augustus 1672.

(Akteskantoor T131 , 11 Oktober 1672) Gerrit Janz (d'Boer), van Wynegom, woon op die erf langs die van Lambert Lambertz. Hy het die huis en die erf gekoop saam met Olof Barry (Bergh)
(Huweliks Reg. Kerkargief , 29 Oktober 1673) Gerrit Janz jongman van Wyninghs trou met Aaltje Alberts, van Pumerend, weduwee van Lambert Lambertz.
(Monsterrolle 1674-82) in die jare kom die hertroude weduwee met haar man en twee minderjarige seuns gereeld voor.
(Monsterrolle 1686) Vir die eerste keer kom Albert Myburgh in die monsterrolle voor.
(Huweliks Reg. Kerkargief September 1687) Jan lambertz Myburgh trou met Anna Maria de Laar, jonge dogter, van Amsterdam.
(Monsterrolle 1690) Vir die eerste keer kom Albert Myburgh in die monsterrol voor.
(Huweliks Reg. kerkargief, 15 Maart 1699) Jan Lambertz Myburgh, wewenaar van Buicksloot, trou met Sophia Zank, van Keulen, weduwee.

Met die hulp van bostaande uit die oorspronklike bronne is dit moontlik om die vroegste geskiedenis van die Myburghs te rekonstrueer. Lambert Lambbertz Myburgh (sy vader was dus ook Lambert) was van die klein Noord-Nederlandse dorpie Broek, nou Broek in Waterland. Die Broekemeer is in 1624 " drooggemalen " en verdeel in klein plasies. Sy vrou Aaltje Alberts was van
die geskiedkundige ou stad Purmerend aan die Purmermeer, beide plekke naby Amsterdam. Dit is merkwaardig dat in die eerste 50 jaar van nedersetting daar net een vryburger van Broek gekom het, nl. die haakbusskutter op die skip Dordrecht, Willem Schalk van der Merwe, stamvader en vader van die Myburgh moeder, Elsje van der Merwe.

Die hawe vanwaar die ouerpaar met hul oudste seuntjie die vaderland verlaat het was heel moontlik Buicksloot , ook naby Amsterdam. Later met die seun se tweede huwelik in 1699 word hy aangeteken as " van Buicksloot " . Die jaar van hul vertrek is onbekend , maar dit was wel tussen 1665 en 1669, want in 1669 was hul aan die Kaap met die geboorte van die tweede seun. Die ouer seun was in Nederland gebore omtrent 1665, daar hy in 1686 as mondige vir die eerste keer op die monsterrol verskyn.

Die huis en tuin wat Lambert Myburgh van Jacob Rosendaal in 1671 gekoop het was naby die kasteel en erwe van van twee bekende figure, die Sweed Olof Bergh en die Belg Francois Champelaar, (eienaardig dat die Nederlandse amptenaar Barry skryf vir Bergh. Dr Con de Villiers gee as verduideliking dat die Sweedse uitspraak van Bergh baie soos Barry klink.) Francois Champelaar sou etlike maande later die tweede word van die 4tal ongelukkige mans van Tryn Ras. (Catherina Ustinghs) . Die eerste van die reeks is gedood deur 'n leeu, Francois self deur die Hottentotte , die derde deur 'n olifant , en die vierde was miskien die gelukkigste , daar hy die langste saam met Tryn moes leef. Van die ander buurman van Lambert, Gerrit Janz, (bynaam d'Boer) van Wynegom, is min bekend. In dieselfde jaar 1673 waarin Lambert oorlede is, trou hierdie Gerrit Janz d'Boer met met sy weduwee. Hy moes hom van sy stiefvaderskap goed gekwyt het, want 16 jaar later , in 1698

, is hy getuie by die doop van Aletta , Jan Myburgh se eerste dogter. Genoem na haar ouma , sy oorlede vrou. Die ander getuie was Adriaantjie Sterreveld. Adriaantjie en haar suster Neeltjie was geboortereg van NIEUW AMSTERDAM DIE NEW YORK VAN VANDAG. Hierdie twee was dus ons eerste Amerikaanse immigrante.
Nieuw Amsterdam was deur die Engelse oorgeneem in 1664 en herdoop deur James, Hertog van York. Dit sou mooi wees om iets goeds te kan sê van die Amerikaanse sy van die Myburghs, maar nee dit kan nie. Volgens Dr Anna Boeseken was sy een van die grootste skinderbekke aan die Kaap van 250 jaar gelede.

Haar stories omtrent Willem Adriaan van der Stel en die moeilikhede wat daaruit gespruit het is 'n ander verhaal. 'n Latere aankomeling van New York was Jan de Wit, volgens oorlewering 'n lid van die bekende familie White van Stanton White in Norfolk. Hoe lank het die Nederlandse nie onthou dat New York as Hollands gewees het nie ! In 1711 is Jan de Wit nog altyd aangeteken as " van Nieuw Amsterdam ".

Jacob Rosendaal se vrou ten tyde van sy onderhandeling met Lambert Myburgh was Catherina van den Berg. Na sy dood in 1675 is sy hertroud met Tobias Marquardt. Sy is in latere dokumente Catherina Stuart genoem. Was sy miskien van adelike Skotse afkoms ? Wie weet. Sy noem haar twee eerste dogters by Marquardt albei Regina.

Daar is min in die ou geskrifte wat lig werp op die Myburghs. Hul moes blykbaar in daardie tyd nooit met die gereg gebots het nie; die grootste bronne van inligting , die Kriminele Prosesstukke sê niks omtrent hulle nie. Hulle was maar arm want die inventaris van die boedel van Maria de Laar, die eerste vrou van die ouer broer Jan Lambert, gee maar 'n kort lys van huishoudelike goedere. Maar hulle vertel iets van die huishouding van 280 jaar gelede.
Die 11 Kleine schilderytjies, deur wie, en waarvan ? Die 29 teepierintjies en 40 kopjes koffie was nog nie die Afrikanertroos van later nie. Die waterjuk het seker sy deel bygedra tot water besparing daar digby die Fort.
Uit die huwelike van die ouer broer Jan Lambert Myburgh is daar geen manlike nakomelinge in ons land nie. Sy dogters het wel getrou en die families Basson, van der Poel, Slabbert en van Es.

Alle Myburghs stam dus af van Albert Lambert en sy vrou Elsje van der Merwe. Hul 5 seuns is die hoofde van 5 takke;
1. Lambert - 1720
2. Willem - 1721
3. Johannes Albertus - 1722
4. Jacobus - 1723 (Ek stam af van die broer)
5. Albertus - 1724

1969 was dit 300 jaar na die geboorte van die eerste Myburgh aan die Kaap.

Myburgh Groete
Mike

My antwoord:

Mike,
Ek het heerlik gelees aan jou geskiedenis - en beslis nie ge-delete nie. Dit is wonderlik dat jul familie geskiedenis in die stamland kon nagaan. Ek het al vergeefs probeer om die eerste Morkel in Duitsland na te spoor. Eendag miskien! Dit is iets besonders om o.a. "oral history" van so lank gelede te kan hê - veral die lafhartige Waldeckers. Toe ek jare gelede hier in Perth aangekom het, was daar 'n professor Hugo (ek het

nou skielik sy voornaam vergeet) hier in argitektuur wat van die Kaap was. Sonder dat ek hom ge"prompt" het (verskoon maar my Kaaps-Afrikaans) het hy vertel oor die Waldeck regiment. Volgens hom was die regiment in die 1770s in diens van die Engelse in Amerika by die Boston teeparty en Concorde/Lexington Amerikaanse onafhanklikheids skermutselings (hul het daar ook verloor). Toe hul jare later aan die Kaap vir Genl Janssens moes veg, wou hul nie teen hul ou pêlle baklei nie. Of dit waar is of nie, ek hou meer van jou storie, en dit is ook min of meer ook hoe ek dit gehoor het.

Dit klink asof jy nie die Kerk van Stellenbosch boek van A.M. Hugo en J. van der Bijl, 1963, Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, het nie. Die skrywers het 'n lekker skryfstyl. Terloops ek probeer waar ek kan (en reg tik) om die name te spel soos dit in die bronne voorkom - Mijburgh en soms Myburgh, dan Phillippus soms met een en dan twee elle of p's.

Die eerste insident volg op 'n smeulende probleem van gebrek aan voldoende sitplek in die Kerk. Die kerk was in 1717 ontwerp, 1723 gebou en teen 1787 was dit reeds te klein.

"Die nimmereindige probleem in verband met die plasing na rangorde van die vrouestoele in die kerk was al erg genoeg, en onchristelik genoeg, toe slegs die hartstogte van hoogmoed, eiewaan en ambisie daarin 'n hand gehad het; maar toe dit bowendien ook nog 'n stryd om sitplek sonder meer geword het soos nou gebeur het, was dit tyd dat daar iets aan die saak gedoen word. .... Daar was die geval, in 1809, toe 'n sekere mev. Ulkers lyflik van haar stoel gepluk was deur 'n sekere jong kapokhaan wat plek wou maak vir sy vriendin! en in 1812 was daar die buitengewoon onaangename insident met landdros Van Andringa, 'n humeurige Fries wat geen teëspraak kon duld nie. Hy het daarop gestaan dat aan die vroue van sy assistent-landdros Stoel -dat so 'n man nou ook juis Stoel moes heet! - en van sy tweede sekretaris Van Blommestein sitplekke gegee moes word, wat ten ene male strydig was met alle reëls wat die arme kerkraad hoegenaamd nog kon handhaaf."

Die skrywers vertel nog verder oor die probleem wat reeds al in 1780s groot was en in 1812 nog steeds nie opgelos was nie. Hul gaan voort:

"En hoe algemeen daar op daardie tydstip reeds gepraat is oor die wenslikheid van meer ruimte in die kerk, of selfs van vergroting van die kerk kan afgelei word uit 'n merkwaardige brief wat 'n sekere boer van Stellenbosch in die jaar 1791 aan sy buurman geskryf het. Die skrywer was P.A. Mijburgh, eienaar van die bekende plaas Meerlust, en die adressant, Jacobus Roux van die plaas Vredenburg-Vlottenburg, destyds diaken op die kerkraad: datum Meerlust, 12 Januarie 1791. Die skrywer verklaar dat hy enige tyd gelede aan enige lede van die kerkraad aangebied het om 'n sekere sitbank in die kerk op sy private koste te laat maak; verder, dat hy hulle ook meegedeel het dat. 'ingeval Kerkenraaden mogten te raaden werden voorsz: Kerk uyt te zetten, tot vergrooting derselve', hy gewillig sou wees om al die nodige hout van die Kaap af te laat transporteer, al die mure vir sy rekening te laat opmessel. Honderd half-ame kalk te verskaf. en bowendien ook nog die hele kerk te laat skilder (m.a.w. dat hy vir hulle gratis die kerk sou vergroot); en aangesien hy nog geen taal of tyding weer daarvan verneem het nie, versoek hy die heer Roux om uit sy naam die kerkraad mee te deel dat hy nou van sy plan afsien - 'terwijl ik ontwaare dat deze zo genereuse presentatie gants geene aanmerkinge verdient, en daaruit begrypen moet, dat onse Kerk het niet nodig sal hebben.'

"Maar die volle maat van sy bitterheid kom eers in die laaste paragraaf voor die dag. 'Ook zal ik hier nog bijvoegen, dat zoo er geen plaats in

onse kerk voor my open gevonden werd, zoo zal ek een stoel voor mij laten brengen; of anders zo ryden wy na der andere kerken, die plaarsen hebben, of daar geen plaats te vinden zal zyn'"

"Dit lyk of Mijburgh sy dreigement uitgevoer het, want hy het hierna selde weer in die kerk gekom. Sewentien jaar later skryf die kerkraad aan hom 'n roerende dankbrief vir 'n geskenk van 25 gulde - 25 gulde, van 'n man wat gespog het dat hy 'n hele kerk verniet sal opbou! - en deel hom mee dat hulle aan hom vier grafte buite die kerkhof gee in ruil vir sy twee ou grafte in die kerk. In die notule merk ds. Borcherds hierby dat hulle dit doen 'in de stille hoop dat hem zulks bewegen mogt tot het gebruik der middelen reeds jaren lang door hem verwaarloosd, terug te keeren'."

"Dit is jammer dat die kerkraad nie van die heer Mijburgh se gulle aanbod gebruik gemaak het nie, en wel om verskillende redes; allereers omdat dit baie onaangenaamhede, soos hierbo aangehaal, sou voorkom het: maar ook omdat die vergroote kerk dan in die sierlike en eg-Kaapse barokstyl van die late 18e eeu gebou sou gewees het, en nie in die ietwat kille klassisime van die vroeë 19e eeu nie."

Die tweede aanhaling in die boek is in 'n later periode - so hier teen 1850 se kant.

"Die toestand van die orrel het intussen so sorgwekkend geword dat die lidmate uit eie beweging begin kollekteer het vir die aankoop van 'n nuwe. Ouderling Rijk Hendrik Mijburgh van Elsenburg het hierin die leiding geneem. In Oktober 1853 kon gerapporteer word dat die mooi som van £218 reeds ingesamel was." Dan volg 'n taamlike lang beskrywing van die heen en weer met die orrel o.a. 'n bekommernis by die gemeente "dat hulle nie weer met 'n 'huilende' orrel te doen sou kry nie." .....
"Ouderling Rijk Mijburgh en diakens J.C. Wege (bestuurder van die Stellenbosch Bank) kon berig dat die orrelfonds reeds op £548 staan, waarby dan nog £300 gereken kon word wat uit die kerkkas toegeskiet sou word. Die geld was dus daar, en die langbegeerde orrel kon bestel word. Begin Desember is die eerste paaiement van £300 deur die firma Mijburgh & Kie, Kaapstad, na Londen gestuur."

Die nuwe kerk is eindelik eers in 1861 aangepak en een van die diakens vir 1862 was Philippus Alb. Mijburgh (Eenzaamheid, Joostenberg).

Toe die kerk uiteindelik in 1865 klaar was, was drie klokke van Duitsland bestel, en hul het aangekom "presies in die tyd van die swaarste stormweer wat ooit sedert die volksplanting die Kaap getref het. 'Er wordt besloten, te boek te stellen dat de Kerkraad met dank ontvangen heeft een gift van drie fraaije klokken, zamen wegende ongeveer 1500 lbs., zijnde de grootste van den broeder Diaken J.M. Beyers, de tweede van den br. diaken Phil. A. Mijburgh, en de derde van br. lidmaat C.F. Beyers Czn. ....."

"In 'n nagelate manuskrip van drie bladsye oor die geskiedenis van ons kerk-gebou het wyle Oom Japie Krige (Japie Home) die volgende vertel aangaande die klokke:
'Die klokke in die toring is geskenke van Jan Martinus Beyers van Nooitgedacht (tans Herrenhausen), Philip Myburgh van Elsenburg (moet wees: Eenzaamheid), en oubaas Beyers van Muldersvlei; die timmerwerk van die toring is van eikehout wat gesaag is op Banhoek, op die plaas van Christiaan Beyers, vader van Generaal Beyers, en deur hom veilig by die kerk gelewer. Die uurwerk is 'n geskenk van wyle Mnr. Jannie Marais. N.B. Die ou mense het altyd gesê die klokke lui: Jan, Flip, Oubaas; Jan, Flip, Oubaas.' .....
Van die oorspornklike klokke is nog net twee oor, die twee kleinstes (en

hoogstes) van die drietal. Die middelste een dra die inskripsie :'Geschonken door P.A. Myburgh R.Zn, 1864', en die kleinste: 'Geschonken door C.F. Beyers, C,zn 1864'. Albei klokke is pragtig versier met loofkranse van allerlei patrone en in mooi brons gegiet deur Fr. Gruhl, Bautzen. ..... 'Flip' en 'Oubaas' is dus nog daar, en laat nog altyd hul welluidende stemme hoor; maar 'Jan', die groot bas van die trio is kort na die Boere-oorlog vervang met 'n lelike ysterklok, ... gegiet in die jaar 1902."

Die ander bron wat ek hier het is Peggy Heap se "The Story of Hottentots Holland" 1970, Balkema, Cape Town.

Wat sy skryf is vir julle seker goed bekend. Ek sal noem watter insidente sy beskryf en as daarvan interessant is, laat maar weet dan tik ek dit in. "The farm passed into the hands of Johannes Albertus Mijburgh (Myburgh) in 1757, and has remained in the possession of this family ever since. A member of this family Philip Myburgh made several journeys of exploration beyond the Colony's boundaries during the eighteenth century. In one he explored along the Orange River and is said to have existed for several months on 'the tallow of sea-cows'. At one time he lived on the eastern frontier and it was largely due to his urging that the district of Graaf Reinet came into being in 1785. He inherited Meerlust in 1790. (Ek kan goed glo dat 'n persoon wat die gevare van die wilde Afrika kon aandurf, min geduld met die lam kerkraad van Stellenbosch sou gehad het, toe hy sy brief in 1791 geskryf het oor die gebrek aan ruimte in die kerk.) Hy was duidelik 'n sterk persoonlikheid en was ook betrokke met die oorname deur die Engelse van die Kaap in 1795. Peggy gaan dan aan om die storie te vertel van die dragonders wat gekwartier was by "those suspected of holding 'Jacobin' principles. Among these were Phillipus Albertus Myburgh, of Meerlust, and Captain Daniel Johannes Morkel, of Onverwacht. Myburgh managed to turn the whole thing into a social rather than military occasion. A detachment of some twenty dragoons being quartered on him, he invited the wife of the officer-commanding to stay at Meerlust and entertained his enforced guests lavishly. Abundant and excellent food was freely available. Wine flowed, a good time was had by all, and the affair degenerated into a farce."

Peggy beskryf ook dat verskeie reisigers verby gekom het en Meerlust gasvryheid geniet het (en dan gewoonlik aan gegaan het na Daniel Johannes Morkel se plaas Onverwacht of Willem Morkel se naburige plaas, Voorburg (teenaan Somerset Wes). Lichtenstein se beskrywing word aangehaal oor die uitgebreide aktiwitetie op die plaas. Ook William Burchell se beskrywing word aangehaal.

Dan later kom Generaal Janssens en sy Aide-de-Camp Kaptein W.B.E. Paravincini di Capelli verby en geniet Meerlust hospitaliteit op pad na die binneland. Wanneer hul na drie maande terugkom, is die oorgawe van deur die Bataafse republiek aan die gang en die gebeure wat jy so ryklik beskryf met die Waldeck regiment.

Baie groete
André